

September 29, 1987

**Memorandum on South African Military Policy on
Biological and Chemical Warfare, and accompanying
attachments**

Citation:

"Memorandum on South African Military Policy on Biological and Chemical Warfare, and accompanying attachments", September 29, 1987, Wilson Center Digital Archive, South African National Defence Forces Archive, MI 306/3, vol. 1, 45. Obtained and contributed by Sasha Polakow-Suransky.

<https://wilson-center-digital-archive.dvincitest.com/document/116788>

Summary:

South African Memorandum on the country's military policy on biological and chemical warfare, and accompanying attachments.

Credits:

This document was made possible with support from Carnegie Corporation of New York (CCNY)

Original Language:

Afrikaans

Contents:

Original Scan

SA WEERMAG



SA DEFENCE FORCE



/erw/Ref : HS OPS/UG/306/3

elefoon/

telephone : 291-2312

3y/vn/Ext :


navrael/
inquiries : Kol A. Keeve

Kopieno.....
9
Hoof van Staf Operasies
Chief of Staff Operations
Privaatsak/Private Bag X161
Pretoria
0001

29 September 1987

BIOLOGIESE EN CHEMIESE OORLOGVOERING: SAW BELEID

1. H SAW Direktief 3/63 (HS OPS/B/501/5) gedateer 24 September 1987 het betrekking.
2. Die SA Weermag se beleid tov Biologiese en Chemiese Oorlogvoering is vervat in Aanhangsel A en word hierby aangeheg. Soos genoem in direktief 3/63, word die beleid slegs aan instansies versend wat met optredes in hierdie verband betrokke sal wees.
3. Ge-adresseerdes word versoek om die beleid binne weermagsdeel/ondersteuningsdiens/stafafdelingverband, ooreenkomstig die sekereidsklassifiekasies van die onderskeie bylaes op 'n "moet weet" basis bekend te maak vir oordeelkundige uitvoering.
4. Ge-adresseerdes word verder versoek om enige voorstelle en/of wysigings tov die beleid aan die Operasiestafkomitee vir verdere hantering voor te lê.

PP

 HOOF VAN DIE SA WEERMAG: GENL

ENCE INTELLIGENCE
 DECLASSIFIED
 2006-07-10
 D.M. CHAMBERS
 82425760PE WO1

ONTWERP DE GEHEIM



(L9)

UITERS GEHEIM

2

DISTR

Vir Optrede

	Kopieno
Hoof van die Leër (Eksklusief vir genl-maj Ferreira)	1
Hoof van die Lugmag (Eksklusief vir genl-maj Kriel)	2
Hoof van die Vloot (Eksklusief vir kdoor Woodburne)	3
Geneesheer-generaal (Eksklusief vir genl-maj Scheepers)	4
Bevelvoerende Generaal Spesiale Magte (Eksklusief vir genl-maj Joubert)	5
Bevelvoerende Generaal Suidwes Afrika Gebiedsmag (Eksklusief vir genl-maj Meyer)	6
Kwartiermeester-generaal (Eksklusief vir kol Binneman)	7
Hoof van Staf Personeel (Eksklusief vir genl-maj Wolmarans)	8
Hoof van Staf Inligting (Eksklusief vir genl-maj van Tonder)	9
Hoof van Staf Operasies (Eksklusief vir brig Klopper)	10
Hoof van Staf Logistiek (Eksklusief vir s-adm Malherbe)	11
Hoof van Staf Finansies (Eksklusief vir v-adm Bekker)	12
Hoof van Staf Beplanning (Eksklusief vir genl-maj Vorster)	13


Intern

HS OPS/UG/306/3

Spaar

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10


 D.M. CHAMBERS
 82425760PE WO1

LRS MUSEUM

48

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

UITERS GEHEIM

2006-07-10


D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1AANHANGSEL A BY HS OPS/UG/306/3
DD 29 SEPTEMBER 1987

Kopieno..9...

BIOLOGIESE EN CHEMIESE OORLOGVOERING (BCO): SAW BELEID

INLEIDING

1. Biologiese en Chemiese Wapens (BCW) as Alternatief tot Kernwapens. Die geweldige verwoestingskrag van kernwapens verleen daaraan 'n afskrikingswaarde wat die fondament van die kernwapenbalans tussen die VSA en Rusland vorm. Verskeie verdrae op die beperking van ontwikkeling van kernwapens is deur hierdie lande aangegaan, wat agv beweerde oortredings tot verdere onderhandelings vir 'n verdere verdrag lei. Hierdie kernwapen-moonthede kan uit vrees vir selfvernietiging, nie hul kernwapens in enige konfliktsituasie aanwend nie. Hulle word dus gedwing om eerder van ander tipes wapen/oorlogvoering gebruik te maak. Die keuse van veral chemiese wapentuig is dus 'n gewilde alternatief omdat dit nie met soveel sigbare en hoorbare effekte soos kernwapens gepaard gaan nie, maar nogtans 'n wapen van massa vernietiging is.
2. Chemiese Wapens. Oordeelkundige gebruik van veral chemiese wapens kan 'n geweldige taktiese voordeel aan 'n moontheid/mag verleen wat andersins slegs met kernwapens behaal sou kon word. Chemiese wapens verleen dus die voordeel aan die gebruiker dat spesifieke militêre en politieke doelwitte bereik kan word voordat sodanige optrede internasionale weerstand kan ontlok. Hierbenewens hou die aanwending van chemiese wapens teen primitiewe of bygewelwige volkere die voordeel in dat dit aan die bo-natuurlike toegeskryf kan word. Geheimhouding word sodoende verkry wat bewyslewering van aanwending geweldig beperk.
3. Biologiese Wapens. In teenstelling met chemiese wapens, word biologiese middels as strategiese wapens beskou en word die aanwending daarvan nog as "taboe" beskou. State word egter steeds toegelaat om met navorsing tov biologiese middels voort te gaan en alhoewel die Geneefse Protokol die opotting van sodanige middels verbied, is daar aanduidings dat veral die USSR en sommige van sy satellietstate, aansienlike voorrade aan die biologiese middels in voorraad het.
4. Beskikbaarheid van BC Wapens. Alhoewel daar internasionaal sekere beperkings op die offensiewe aanwending van BC wapens gelê word, gaan veral die Grootmoonthede onverpoosd voort met die navorsing en die ontwikkeling van defensiewe maatreëls. Daar kan egter aanvaar word dat lande met 'n doeltreffende defensiewe vermoë, weinig probleme sal ondervind om ook die middels tydens konfliktsituasies in 'n offensiewe rol aan te wend, aangesien 'n defensiewe vermoë 'n voorvereiste is vir die militêre uitbuiting van die voordele wat aanwending van die middele bied.
5. Aanwending van BC Wapens in Suider Afrika. Die rol wat Rusland en sy

UITERS GEHEIM

DECLASSIFIED



2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

UITERS GEHEIM

A-2

surrogate speel in die ontwikkeling van die konfliktsituasie in Suider Afrika, bring mee dat die RSA se vyande hetsy as 'n ge-organiseerde mag of as terro-riste organisasie oor BC wapens kan beskik. Die beste manier om te voorkom dat chemiese of biologiese wapens teen 'n land aangewend word, is om oor soortgelyke vermoë te beskik wat geloofwaardig tydens vergelding aangewend kan word. Daarom het dit vir die RSA noodsaaklik geword om oor minstens 'n defensiewe BC vermoë te beskik met genoegsame afskrikwaarde om voornemende gebruikers van aanwending teen die RSA of geallieerdes te laat afsien.

DEFINISIES

6. Definisie: Biologiese Oorlogvoering. Dit is die aanwending as wapen van die patologiese uitwerking van virusse, bakterië, swamme en ander lewendige organismes (enkel of meersellig) op mense, diere, plante en die omgewing.

7. Definisie: Chemiese Oorlogvoering. Dit is die aanwending van wapens wat nie van termiese of kinetiese energie gebruik maak om die normale fisiologie van 'n lewende teiken (mens, dier, insek of plant) sodanig direk of indirek te versteur dat die teiken nie meer in staat is om normale oorlewingsdrills na te kom nie. Gewoonlik behels dit die toediening van 'n chemiese stof met gevolglike inkapasitasie, siekte of dood van die teiken. Hierdie definisie sluit alle chemiese stowwe, ongeag die oorsprong daarvan in.

REGSASPEKTE

8. Die Geneefse Protokol. Die RSA is 'n onderskrywer, met sekere voorbehoude, van die 1925 Geneefse Protokol wat in wese handel oor die verbod op die gebruik van giftige, verstikkende en soortgelyke agentia. Voorbehoude wat gestel is, behels die reservering van die reg om:

- a. Chemiese en biologiese wapens teen nie-ondertekenaars van die Protokol te kan aanwend.
- b. Chemiese en biologiese wapens teen oortreders van die Protokol te kan aanwend.
- c. Chemiese en biologiese wapens teen ge-allieerdes van oortreders van die Protokol te kan aanwend.

9. Toepassing van die Geneefse Protokol Gedurende 1969 is Resolusie 2603A (XXXIV) deur die VN Algemene Vergadering aanvaar. In hierdie Resolusie is die Geneefse Protokol van 1925 bevestig met 'n aantal bykomende bepalinge. Hierdeur word aanvaar dat die Geneefse Protokol deel van algemene internasionale reg geword het en nie meer bloot 'n ooreenkoms tussen die ondertekenaars is nie. Verbrekings van die verbod kan dus as 'n oorlogsmisdad beskou word. Wat die RSA betref geld die volgende:

- a. Die Protokol verbied oppetting en aanwending van chemiese en biologiese wapens in omstandighede anders as deur die voorbehoude soos genoem in par 8. a-c- bepaal.

UITERS GEHEIM

ENCE INTELLIGENC
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425750PE WO1

UITERS GEHEIM

A-3

46

Die Protokol laat egter aktiewe navorsing en ontwikkeling van 'n defensiewe chemiese vermoë toe.

- c. Die Protokol laat ook die gebruik van irriteermiddels en sekere inkapasiteermiddels toe.

10. Implikasies vir die RSA. Implikasies wat die Geneefse Protokol vir die RSA inhou is die volgende:

- a. Die RSA hou hom by die Geneefse Protokol in sowel konvensionele as onkonvensionele konfliktsituasies.
- b. Ondanks die nakoming van die Protokol moet daar deur die SAW kennis geneem word van die ontwikkeling van chemiese wapens elders in die wêreld met die doel om die regte beskermingsmaatreëls op kort kennisgewing te kan toepas. Daarom moet 'n hoë prioriteit aan navorsing en ontwikkeling verleen word.
- c. Aanwending van chemiese wapens regverdig vergeldingsoptrede. Die RSA/SA Weermag moet dus in hierdie verband oor 'n geloofwaardige vergeldingsvermoë beskik wat ook as afskrikking vir voornemende aanwenders moet dien.
- d. 'n Geloofwaardige afskrikvermoë beteken ook dat die SA Weermag ten spyte van 'n chemiese besmetting tot die uitvoering van sy primêre taak in staat moet wees. Sekere vegmagte behoort dus oor 'n offensiewe vermoë te beskik om handelingsvryheid te behou.
- e. Die aanwending van irriteer- en sekere inkapasiteermiddels wat deur die Protokol toegelaat word, moet met oordeel geskied om nie eskalering of die gebruik van dodelike middels te veroorsaak nie.

BEVEL EN BEHEER

11. SAW Benadering. Alle bestaande operasionele konsepte en doktrines bly van krag met die voorbehoud dat daar tydens beplanning en taktiese uitvoering voorsiening gemaak word vir 'n BC bedreiging. Wysigings aan bestaande bevel- en beheerstrukture ten einde BCO te akkommodeer, is waar dit nodig is, die verantwoordelikheid van die afsonderlike weermagsdele/organisasie. Hierdie wysigings moet daarop gerig wees om deur vroeë waarskuwing, personeel in staat te stel om vyandelike chemiese aanvalle te oorleef as eerste prioriteit, asook om weermagsdele in staat te stel om met normale take voort te gaan as tweede prioriteit.

12. Magtiging vir Gebruik. Met uitsondering van irriteermiddels en sekere inkapasiteermiddels waar oordeelkundige gebruik deur die Protokol toegelaat word, is internasionale en politieke implikasies voortspruitend uit die aanwending van BC wapens: Die volgende magtigingskanale is van toepassing:

- a. Magtiging: Chemiese Wapens nie deur Protokol Toegelaat nie. Magtiging moet via die Staatsveiligheidsraad verkry word. H SAW is hierna verantwoordelik om taktiese aanwending te magtig.

UITERS GEHEIM

5

UITERS GEHEIM

A-4

- b. Magtiging: Chemiese Wapens deur Protokol Toegelaat. H SAW magtig die gebruik van hierdie tipe wapens.
- c. Magtiging: Biologiese Wapens. Indien dit 'n vereiste is vir die RSA se voortbestaan en/of kritieke veiligheid, moet magtiging via die Staatsveiligheidsraad verkry word.

13. Aanwending: Chemiese Wapens. Met H SAW magtiging kan chemiese wapens takties aangewend word. Elke behoefte moet individueel vir goedkeuring voorgelê word en sal aan die hand van omstandighede en die situasie, volgens meriete oorweeg word. Die volgende dien as riglyne.

Vergelding

- i. Vermoedelike Vyandelike Aanwending. Indien daar goeie rede is om te glo dat vyandelike chemiese wapens teen RSA belange aangewend is, kan eie chemiese wapens teen die vyand aangewend word. Die agens wat aangewend word, moet verkieslik nie-persisterend van aard wees nie en in die inkapasiterende of irriterende kategorie val.
- ii. Bevestigde Vyandelike Aanwending. Indien vyandelike chemiese aanwending teen RSA belange bevestig is, kan chemiese wapens wat in enige kategorie val teen die vyand aangewend word. Die aanwending van hierdie wapens kan voortgesit word totdat beslissing, hetsy eensydig deur die RSA of bilateraal verkry of afgedwing is.

b. Eerste Gebruik

- i. Binne RSA Grense. Indien 'n situasie ontstaan wat as lewensgevaarlik vir die RSA beskou word, kan chemiese wapens in enige kategorie aangewend word om 'n beslissende voordeel vir RSA magte te behaal.
- ii. Buite RSA Grense. Chemiese wapens behoort in hierdie geval slegs as laaste uitweg aangewend te word waar die uitslag beslissend kan wees vir die voortbestaan en/of kritieke veiligheid van die RSA.

14. Aanwending: Biologiese Wapens. Slegs in uiterste gevalle kan aanwending geregverdig wees en geld magtigingsprosedure en riglyne soos vir chemiese wapens.

15. Bevelsverantwoordelikhede. Die bedryf van BCO is 'n bevelsverantwoordelikheid tot op die laagste vlak. Tydens beplanning moet spesifieke voorsiening gemaak word vir die volgende:

- a. Indien 'n BC bedreiging bestaan, moet die oorlewing van personeel opgeweeg word teenoor die uitvoering van die opdrag. In gevalle waar defensiewe maatreëls nie sal slaag nie, mag die ongeskikte bevelvoerder gemagtig word om tydens die aanwending van chemiese wapens, tydelik af te sien van sy opdrag, totdat

UITERS GEHEIM

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425760PE WQ1

Bring
inside

(44)

UITERS GEHEIM

A-5

uitvoerbaarheid weer moontlik is of oorlewing van sy personeel verseker is.

- b. Die gee van die alarm tov 'n vyandelike chemiese aanval/aanwending en gevolglike defensiewe optredes volgens Staande Werksprosedures, moet tot op die laagste vlak gedentraliseer word.
- c. Aangesien die nagevolge van die gebruik van BC wapens deur een weermagsdeel 'n aansienlike uitwerking op die operasies van 'n ander betrokke weermagsdeel kan hê, moet die besluit om dié wapens aan te wend altyd onderworpe wees aan gesamentlike goedkeuring tussen al die betrokke weermagsdele. Naburige magte moet ook betyds in kennis gestel word van die besluit om BCW te gebruik om hulle in staat te stel om enige nodige voorsorgmaatreëls te tref.

16. Gereedheidstande

- a. Wanneer gesamentlike operasies gevoer word, word die defensiewe gereedheidstand na oorlegpleging met die ander betrokke bevelvoerders, deur die bevelvoerder aan wie die primêre rol toegewys is vir die gesamentlike mag neergelê. Die gereedheidstande behels die volgende:
 - i. Gereedheidstand Groen. Geen BC bedreiging normale aktiwiteite vind plaas.
 - ii. Gereedheidstand Geel. 'n BC bedreiging bestaan maar aanwending onwaarskynlik. Uitrusting is beskikbaar.
 - iii. Gereedheidstand Rooi. Chemiese aanwending dreigend en uitrusting word gedra.
- b. Die neergelegde gereedheidstand mag aan die hand van die taktiese situasie op laer vlak tydelik verhoog word totdat toestemming daartoe vanaf die betrokke hoër-hoofkwartier verkry kan word. 'n Gereedheidstand mag egter nie laer wees as die stand deur die hoër-hoofkwartier neergelê nie.
- c. Die betrokke hoër-hoofkwartier is verantwoordelik vir magtiging en die opheffing van 'n alarm/gereedheidstand/verhoogde gereedheidstand.
- d. Die inligtingskompartement en waar van toepassing in samewerking met die toegevoegde BC element, is verantwoordelik om die betrokke bevelvoerder te adviseer tov die gereedheidstand waarin die formasie, eenheid of element behoort te verkeer.
- e. Aksies wat ooreenkomstig die betrokke gereedheidstand geneem moet word, moet neergelê word in Staande Werksprosedures op formasie en laer vlakke.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

UITERS GEHEIM


 D.M. CHAMBERS

(43)

UITERS GEHEIM

A-6

BC OORLOGVOERING: SA WEERMAG BENADERING

17. Bedryf van BC Oorlogvoering. BCO bied aan die SAW 'n bykomende vermoë wat as sulks by bestaande strategië, doktrine en beleid moet inskakel. BCO het besliste implikasies op die taktiek van gewapende magte, wat eiesoortige aanpassings van geykte beginsels verg. Die taktiek moet offensiewe sowel as defensiewe maatreëls insluit wat eerstens die oorlewing van die soldaat op 'n chemies-gekontameneerde slagveld en tweedens die uitvoering van die opdrag moontlik maak.

18. Toekenning van Prioriteite. Alhoewel BCO nie 'n nuwe terrein vir die SAW is nie, is dit tog 'n relatief onbekende tipe oorlogvoering. Ten einde die SAW in staat te stel om BCO as 'n geloofwaardige vermoë te ontwikkel, moet prioriteite vir die ontwikkeling en bedryf daarvan toegeken word. Weermagsdele, ondersteuningsdienste en stafafdelings is verantwoordelik vir die toekenning van eie prioriteite binne die raamwerk deur hierdie direktief voorsien.

- a. Prioriteit 1: Ontwikkeling van 'n defensiewe chemiese oorlogvoeringvermoë.
- b. Prioriteit 2: Ontwikkeling van 'n offensiewe chemiese oorlogvoeringvermoë.
- c. Prioriteit 3: Ontwikkeling van 'n biologiese vermoë.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10


D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

UITERS GEHEIM

(4)

UITERS GEHEIM

A-7

DEFENSIEWE CO VERMOË

19. Beskerming: Burgerlike Sektor. Omdat BCO hoofsaaklik teen die soldaat gebruik word, behoort die RSA se burgerlike en stedelike bevolkings nie direk daarin betrokke te raak nie. Die SAW kan raadgewend in hierdie verband optree.

20. Beskerming in die SAW. 'n Chemiese defensiewe vermoë wat insluit beskerming van toepaslike voertuie, vaartuie en vliegtuie vir die beskerming van personeel wat daarmee gemoeid is, asook individuele beskerming is 'n vereiste. Die volle spektrum van defensiewe optredes moet gedek word nl beskerming, opsporing, dekontaminasie, behandeling en wapenopruiming. (Kyk Byvoegsel 1 vir verdere riglyne). Prioriteit moet soos volg aan beskerming verleen word:

a. Prioriteit 1: Beskerming van Personeel. Voorsiening moet gemaak word vir persisterende sowel as nie-persisterende agense, terwyl tussentydse sowel as langtermyn behoeftes oorweeg moet word in die bepaling en keuse van toerusting. Die basiese elemente van individuele beskerming is die volgende:

- i. Beskermende klere (baadjie en broek).
- ii. Masker en filter.
- iii. Handskoene.
- iv. Oorskoene.
- v. Bykomstige uitrusting soos bv poncho's as onmiddellike kort-termyn maatreeël/noodbeskerming terwyl onmiddellike handelingsdrills uitgevoer word.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10



D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

- b. Prioriteit 2: Beskerming van Voertuie, Vaartuie en Vliegtuie
Die bemanning moet teen chemiese agentia beskerm word deur waar nodig, modifikasie aan bestaande toerusting aan te bring en nuwe toerusting met gespesialiseerde BC-stelsels toe te rus. Dit is nie koste-effektief om alle nuwe uitrusting met BC stelsels toe te rus nie. Weermagsdele moet dus eie behoeftes bepaal om sekere vegmagte wat vir die versekering van handelingsvryheid benodig word en bevel en beheer elemente, hiermee toe te rus.
- c. Prioriteit 3: Tydelike Strukture. 'n Beperkte aantal gespesialiseerde tydelike strukture moet verkry word vir gebruik deur taktiese hoofkwartiere en mediese elemente. Hierdie strukture moet voorsiening maak dat personeel sonder gasmaskers en beskermende kleding hulle werksaamhede kan verrig.
- d. Prioriteit 4: Permanente- en Semi-Permanente Strukture. Slegs strukture (of gedeeltes daarvan) wat kritiek is vir die behoud van bevel- en beheer in die SAW word oorweeg. Die behoefte aan BC-verharding van ander permanente- en semi-permanente strukture bestaan tans nie, maar moet in heroorweging geneem word indien die bedreiging eskaleer.

(41)

UITERS GEHEIM

A-8

21. Deteksie. Deteksie moet tydig genoeg plaasvind ten einde effektiewe teenmaatreëls te kan tref. 'n Deteksiestelsel moet gegrond wees op vlakke wat wissel vanaf persoonlike waarneming tot gesofistikeerde laboratorium-fasiliteite (Kyk Byvoegsel 2 vir verdere riglyne).
22. Dekontaminasie. Voorsiening moet gemaak word vir die volle spektrum van dekontaminasie wat minstens die volgende moet insluit: (Kyk Byvoegsel 3 vir verdere riglyne).
- a. Individuele dekontaminasie van die persoon en sy persoonlike uitrusting deur homself vir oorlewing.
 - b. Kollektiewe dekontaminasie binne eenheidsverband.
 - c. Oorwoë dekontaminasie deur spesialis personeel en/of ^{eenhede} ~~aan~~
 - i. Gekontamineerde eenhede en uitrusting.
 - ii. Slagveld, terrein en infrastruktuur.
 - iii. BC wapens/munisie.
23. Mediese-Behandeling en Afvoerstelsel. Die mediese stelsel moet chemiese kontaminasie van verskeie tipes in verskillende grade, sowel as die gewone spektrum van gevegsverliese en siekes gelyktydig kan hanteer. Om die werkslading te verminder en oorlewingsvermoë- en paraatheid van vegmagte te verhoog, moet alle troepe opleiding soortgelyk aan makkerhulp ontvang in voorbehandeling, persoonlike dekontaminasie, self-diagnose en self-behandeling. (Kyk byvoegsel 4 vir verdere riglyne). Verdere vermoëns waaroor die stelsel moet beskik is die volgende:
- a. Personeel moet afgevoer en/of behandel kan word sonder die gevaar van kontaminasie van personeel of uitrusting wat benodig word om die doelmatigheid van die stelsel te verseker.
 - b. Spesialisadvies tov mediese aspekte van BCO moet onder taktiese omstandighede aan vegmagte gelewer kan word.
 - c. 'n Mediese reaksiemag moet beskikbaar wees om mediese steun te lewer op kort kennisgewing.
 - d. 'n Mediese vermoë moet beskikbaar wees vir insluiting by 'n proto-span vir verifikasie. Hierdie vermoë kan ook in die reaksiemag gevestig wees.
24. Opleiding. Spesialisopleiding vind gesentraliseer by 'n BC-opleidingsinrigting plaas. Die opleidingsinrigting sal verantwoordelik wees vir die opleiding van BC-instrukteurs sowel as spesialisraadgewing rakende BC aspekte. (Kyk Byvoegsel 5 vir verdere riglyne). Verdere verantwoordelikheid tov opleiding is soos volg:
- a. Geneesheer-generaal is verantwoordelik vir die daarstel van 'n sentrale opleidingsinrigting.
 - b. Weermagsdele is self verantwoordelik vir BC opleiding in eie geledere insluitend die opleiding van hulpinstrukteurs.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

(40)

UITERS GEHEIM

A-9

- c. Weermagsdele is self verantwoordelik vir die opstel van eiesoortige doktrine -en taktiek en voorsiening van gepaardgaande handleidings.
- d. Tydens praktiese BC oefeninge moet 'n gekwalifiseerde BC veiligheidsoffisier en BC mediese span teenwoordig wees.

25. Navorsing en Ontwikkeling. Alvorens enige opleiding of operasies 'n aanvang kan neem, is dit 'n vereiste dat die regte uitrusting, hulpmiddels en steunfasiliteite beskikbaar moet wees. Tydens die uitvoering van enige navorsing en ontwikkeling (N & O) in BC verband, moet toepaslike sekerheids- en veiligheidsmaatreëls deurgaans toegepas word. (Kyk Byvoegsel 6 vir verdere riglyne). Klassifikasie van N & O en navorsingsvelde is soos volg:

- a. Klassifikasie. BC navorsing word soos volg geklassifiseer:
 - i. Basiese N&O (Kategorie A). Dit sluit basiese navorsing van 'n nie-bedryfsaard en ontwikkelingstake geskoei op die beginsel van die VNOR tipe (Kategorie A) tegnologie vestigingsaktiwiteite.
 - ii. Toegepaste N&O. Hierdie N&O behels bedryfsgerigte toepassing. Die normale verkrygingsinstansies- en prosedures soos van toepassing op elke weermagsdeel word gebruik.
- b. Ko-ordinering van N&O. Alle N&O word op H SAW vlak gekoördineer.
- c. Ander Instansies. Instansies soos Krygkor en filiale, WNNR, universiteite, teknikons en Atoomenergiekorporasie kan oordeelkundig met N & O betrek word met inagneming van sekerheid daaraan verbonde.
- d. Navorsingsvelde. N&O moet volgens behoefte en volgorde van belangrikheid vir weermagsdele op die volgende velde toegespits word:
 - i. Beskerming.
 - ii. Opsporing.
 - iii. Dekontaminasie.
 - iv. Mediese behandeling en afvoer.
 - v. Opleiding.
 - vi. Ondersteuningsfasiliteite.
 - vii. Taktiek en aanwending.
 - viii. Eienskappe en reaksie/uitwerking/gedrag van agente onder Suidelike Afrika meteorologiese omstandighede.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M.
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

26. Inligtingsbenadering. 'n BC bedreiging moet tydig en effektief die hoof gebied kan word. Om die betrokke weermagsdele in staat te stel om die taak doelmatig uit te voer, moet die inligtingsgemeenskap die volgende kan uitvoer:

39

UITERS GEHEIM

A-10

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425760PE WOI

- a. Die bedryf van taktiese en strategiese inligting met die oog op die voer van BCO.
- b. Die bedryf van tegniese inligting tov die vyand se BC wapentuig.
- c. Die verkryging en opdatering van vyandelike beleid, doktrine en taktiek tov BCO.
- Die bedryf van Stratkom en Komops om:
- i. Die SAW en RSA bevolking ooreenkomstig die BC bedreiging sielkundig op te voed.
- ii. Die vyand te ontmoedig om BC wapens aan te wend.
- e. Die uitbuit van morele- en regsaspekte vir die voer van BC defensiewe operasies.

OFFENSIEWE CO VERMOË

27. Offensiewe Optrede. Die eensydige aanwending van CO kan beslissend wees selfs al beskik die verdediger oor 'n voldoende chemiese vermoë. As albei kante CO aanwend, sal dit waarskynlik nie beslissend wees nie en derhalwe sal aanwending ontmoedig word. Die SAW moet dus nie slegs oor 'n defensiewe vermoë beskik nie, maar ook oor 'n geloofwaardige afskrikvermoë. Die SAW kan slegs CO offensief aanwend mits daar oor 'n geskikte defensiewe vermoë beskik word. Voorsiening moet gemaak word vir 'n offensiewe vermoë wat die volgende insluit:

- a. 'n Offensiewe-defensiewe vermoë vir taktiese gebiedsontsegging tydens hou-aksies.
- b. Veg-elemente wat onder BCO omstandighede en in besmette gebiede 'n beslissing tot voordeel van die SAW kan bewerkstellig.
- c. Die beskikking oor irriteer- en inkapasiterende middels en aanwending as magsvermenigvuldiger.
- d. 'n Chemiese aanvalsvermoë waarvan die wapen (agens) so ontwikkel moet word dat dit deur enige van die weermagsdele se afleweringssisteme gelewer kan word.
- e. Die chemies-offensiewe vermoë moet konvensioneel sowel as onkonvensioneel aangewend kan word.

BIOLOGIESE VERMOË

28. SAW Benadering. 'n Beleid van voorkomende maatreëls eerder as remediërende optrede moet in die defensief gevolg word. In hierdie verband moet veral aandag gegee word aan aspekte soos inenting, watersuiwerings en gereelde monitoraksies by geselekteerde potensiële gevaargebiede. Goeie inligting en effektiewe epidemologiese reaksies is uiters belangrik. Biologies-offensiewe optredes moet toegespits word op navorsing van semi-passiewe maatreëls wat teen die vyand ingestel kan word. Die SAW ontwikkel nie 'n taktiese biologiese wapen nie. Indien genoodsaak, is indirekte aanwending van BO verkieslik.

38

UITERS GEHEIM

A-11

LOGISTIEK

29. Bestaande logistiese stelsels en prosedures moet tydens BC omstandighede gebruik word. Wanneer kontaminasie plaasvind of die gevaar van kontaminasie ontwikkel, moet spesiale logistiese prosedures gevolg word om voorsiening te verseker. (Kyk Byvoegsel 7 vir verdere riglyne).

IMPLEMENTERING VAN BCO IN DIE SAW

30. Implementeringsbeleid. Met die oog op doelmatige bedryf van BCO in die SAW, moet dit aanvanklik as 'n projek bedryf word. Met die bedryf van BCO word die SAW se bestuursfilosofie gevolg nl; die sentralisasie van beleid en funksionele beheer tesame met desentralisasie van uitvoering en lyngesag. (Kyk Byvoegsel 8 vir toekenning van verantwoordelikhede tov weermagsdele en ondersteuningsdienste en Byvoegsel 9 vir toekenning van verantwoordelikhede tov stafafdelings).

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10


D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

UITERS GEHEIM

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

UITERS GEHEIM

Kopieno .9...

BYVOEGSEL 6 TOT HS OPS/UG/306/3
BIOLOGIESE EN CHEMIESE OORLOG
VOERING: SAW BELEID

NAVORSING- EN ONTWIKKELINGSRIGLYNE

1. Hierdie riglyne is daarop gerig om doelgerigte, koste effektiewe navorsing en ontwikkeling te identifiseer. Verskeie aspekte is sowel navorsing as ontwikkelingsgerig en daarom word die onderwerpe onder een hoof gedek. Dit is die taak van elke verantwoordelike instansie om 'n indeling te maak van die verskillende onderwerpe/aspekte mbt navorsing en/of ontwikkeling.
2. Tydens uitvoering van enige navorsing en ontwikkeling (N & O) in BCO verband, moet toepaslike sekerheidsmaatreëls deurgaans in gedagte gehou word.
3. Vir doeleindes van hierdie dokument word die N & O aktiwiteite soos volg geklassifiseer:
 - a. Basiese N & O wat insluit basiese navorsing van nie-bedryfsaard en ontwikkelingstake geskoei op die beginsel van die VNOR tipe (Kategorie A) tegnologie vestigingsaktiwiteite.
 - b. Toegepaste N & O met 'n bedryfsgerigte toepassing. Die normale aankaffingsinstansies en prosedures soos van toepassing vir elke weermagsdeel moet gebruik word.
4. Basiese N & O. Klassifikasie van wat basiese N & O is, is afhanklik van die tydsgewrig waarin 'n persoon homself bevind. Dit sluit in:
 - a. Navorsing op chemiese agense ten einde hul eienskappe, aard, hantering, voorbereiding en teenagense te bepaal en te gebruik tydens ontwikkeling, toets en evaluasie van uitrusting, beskermende kleredrag en dekontaminasietegnieke.
 - b. Navorsing op chemiese agense, binne die beperkinge van die beleid, om sodanige agense offensief aan te kan wend.
 - c. Navorsing op tegnieke en apparaat om toets en evaluasie van BCO toerusting en middele deurentyd te verbeter.
 - d. N & O ten einde 'n tegnologie in die RSA daar te stel in hierdie verband wat nog nie in die RSA bestaan nie.
 - e. Enige ander N & O take soos van tyd tot tyd geïdentifiseer in BCO verband.

UITERS GEHEIM

9

UITERS GEHEIM

6-2

5. Toegepaste N & O. Soos reeds gestel is toegepaste N & O bedryfsgerig alhoewel die beoogde implimentering kan varieer vanaf die kort- tot die langtermyn.

6. Ten einde doelgerig te werk te kan gaan is ses toepassingsvelde geïdentifiseer met elkeen 'n aantal onderwerpe wat aandag moet geniet.

a. Beskerming. 'n Defensiewe stelsel waardeur personeel, uitrusting en stelsels gekombineer word op personeel, uitrusting en materiaal te beskerm sodat die soldaat kan oorlewe in 'n BC besmette gebied en ook opdragte kan voltooi.

i. Gasmaskers/lugsuiwering vir die individu om in 'n gekontameneerde gebied te kan oorleef met die minimum moontlike versteuring van sy normale respiratoriese proses.

ii. Die daarstelling van 'n vermoë in die RSA om koste-effektief geaktiveerde koolstof van die regte tipe en graad en in die regte vorm en genoegsame hoeveelhede in die RSA te produseer.

iii. Ontwikkeling van 'n vermoë om sowel koolstof tipe as HEPA filters te vervaardig, te installeer en te toets vir aanwending in RSA vervaardigde voertuie, vaartuie, vliegtuie, basisse, geboue en gasmaskers vir gebruik in 'n BC omgewing.

iv. Daarstelling van doelgeskikte BCO klerasie vir die RSA soldaat wat voorsiening maak vir die Suider-Afrika klimaat, ergonometriese vereistes en taakuitvoering.

v. Ontwikkeling van die doelgeskikte BCO stelsel per tipe voertuig om voorsiening te maak vir hetsy afdigting en oordruk of kollektiewe lugfiltrering en voorsiening.

vi. Navorsing na tegnieke en hulpmiddels om die mikro-klimaat van die individu in BCO beskermingsdrag sodanig te manipuleer dat maksimum veiligheid en effektiwiteit bevorder word.

vii. Navorsing en ontwikkeling van verskillende tipes tydelike/semipermanente skuilings vir operasionele gebruik om die neem van teenmaatreëls in die hand te werk en veilige sones in 'n gekontameneerde gevegstrook te skep.

viii. Ondersoek moet ingestel word na die plaaslike vervaardiging en vorming (spuitgiet) van óf Butielrubber óf geskikte alternatiewe vir gebruik in die vervaardiging van handskoene, oorstewels, gasmaskers, voertuigseëls, edm.

b. Deteksie. 'n Stelsel wat berus op 'n kombinerings van tegnieke, tegniese hulpmiddels en ander bronne om tydige waarskuwing te gee om effektiewe teenmaatreëls te kan tref. Verkieslik moet deteksie gepaard gaan met identifisering van die betrokke agens(e).

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425760PE W01

UITERS GEHEIM

6-3

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

Toerusting en tegnieke moet ontwikkel word om opsporing in die onmiddellike omgewing van eie magte te doen volgens die vereistes hierbo gestel.

- ii. 'n Langafstand deteksievermoë moet nagevors word volgens bostaande vereistes.
 - iii. N & O moet gedoen word om 'n chemiese agens (persisterend sowel as nie-persisterend identifikasie toestelle) te ontwikkel ten einde binne aanvaarbare tyd positiewe agensidentifisering te doen onder gevegstoestande.
 - iv. Chemiese agense moet nagevors word om hul aard, eienskappe, hantering en teenagense te bepaal sodat deteksie in die hand gewerk kan word.
 - v. 'n Effektiewe, multi-dimensionele verifikasievermoë wat gebruik kan word om die vermeende gebruik van BC wapen te ondersoek moet ontwikkel word, verkieslik in hanteerbare formaat vir snelle reagering.
- c. Dekontaminasie. 'n Stelsel waardeur personeel, uitrusting en stelsels gekombineer word om personeel, terrein, uitrusting en materiaal te dekontamineer sodat die soldaat kan oorlewe in 'n BC gekontameneerde gebied:
- i. 'n Dekontaminasievermoë moet ontwikkel word ooreenkomstig bg vereistes. Hierdie vermoë moet in staat wees om spoed sowel as oorwoë dekontaminasie te kan hanteer op alle personeel, voertuie, vaartuie, vliegtuie, terrein en uitrusting in 'n basisgebied sowel as op die slagveld.
 - ii. Dekontaminasie-middels moet ontwikkel word om in bostaande vereistes te voldoen sonder om, in soverre moontlik, skade aan te rig aan enige materiaal. Aanwending van sodanige middels moet nie gesofistikeerd wees nie.
 - iii. Navorsing moet gedoen word na die behoefte om 'n dekontaminasie voertuig te ontwikkel om ander voertuie, vliegtuie, terrein en uitrusting ter plaatse te dekontamineer.
 - iv. 'n Prosedure en uitrusting moet ontwikkel word om CW opruiming veilig en effektief te kan doen onder alle omstandighede.
 - v. Navorsing moet gedoen word om 'n verf te vind vir voertuie en uitrusting wat aan alle huidige vereistes voldoen en wat die rendement van dekontaminasie van sodanige toerusting tot 'n aanvaarbare vlak verhoog, en steeds koste-effektief is.
- d. Mediese Behandeling. 'n Stelsel moet ontwikkel word om mediese behandeling in sy volle konsekwensies aan te raak in sover dit BCO aanbetref. Aspekte wat onder andere moet aandag geniet sluit in:
- i. Afvoerprosedures.

UITERS GEHEIM

- DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2006-07-10
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1
- iii. Makkerhulp.
 - iv. Hantering van massa ongevallen.
 - v. Diagnose.
 - vi. Selfbehandeling.
 - vii. Warmtesiekte.
 - viii. Sielkundige aspekte.
 - ix. Verliesberamings.
- e. Opleiding. Opleiding strek noodgedwonge oor die hele spektrum en sal by alle reeds genoemde fasette in rekening gebring moet word (bv opleidingsklerasie). Doelgerigte N & O aspekte sluit in:
- i. Ontwikkeling van opleidingsimulante om 'n realistiese effek te verkry sonder onnodige gevaarlike blootstelling. Sodanige agense moet fisies identies vertoon aan die agens wat gesimuleer moet word en moet goedkoop genoeg wees om deeglike opleiding te kan bevorder.
 - ii. 'n Opleidingsterrein moet geïdentifiseer word en die totale spektrum van BC opleidings implikasies moet gedek word. Kritieke parameters is dat irritanse wel gebruik kan word van tyd tot tyd en dat offensiewe BCO ook aandag BCO moet geniet. Die twee belangrikste enkel oorweginge ter sprake is veiligheid en sekerheid.
- f. Ondersteuningsfasiliteite. Hierdie is N & O gerigte velde wat oorkoepelend of ondersteunend is aan die ander toepassingsvelde en moet van tyd tot tyd aangepas word volgens behoefte.
- i. 'n Stelsel van laboratoriums moet ontwikkel word wat wissel vanaf 'n spesiaal ingerigte laboratorium (onder SAW beheer) tot ontwikkelingslaboratorium waar spesialis ontwikkelings-take uitgevoer kan word. Hierdie stelsel moet deur die SAW beheer word maar kan gedesentraliseer word na bv KTK, WNNR, Universiteite, ens in soverre sekerheid dit toelaat.
 - ii. 'n Toetsfasiliteit vir die uitvoer van toetse en evaluasies op BCO materieel (bv voertuie) moet ondersoek word. Bestaande fasiliteite moet so ver moontlik benut word.
 - iii. 'n Eenmalige studie moet gedoen word op die invloed van die Suider-Afrikaanse meteorologie op BCO en beskikbaar gestel word. Met die ontwikkeling van nuwe agense moet die invloed per agens geverifieer word.
 - iv. Ondersoek moet ingestel word na die totale verpakkingsbeleid en voorskrifte en waar nodig en prakties uitvoerbaar, moet wysigings aanbeveel word om BCO toestande te bevredig. Dit geld vir beide bederfbare en nie-bederfbare goedere.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

VERTROUOLIK

BYVOEGSEL 7 TOT HS OPS/UG/306/3
BIOLOGIESE EN CHEMIESE OORLOG-
VOERING SAW BELEID

LOGISTIESERIGLYNE

1. Verkryging en Aanskaffing van BC Uitrusting. Verkryging en aanskaffing van uitrusting geskied coreenkomsdig bestaan aanskaffingsbeleid. Daar moet egter 'n gewaarborgde aanskaffingskanaal verseker word. Selfvoorsienendheid moet hoë prioriteit geniet.
2. Klassifikasie van BC Uitrusting. BC uitrusting moet by bestaande logistieke klassifikasiestelsels inpas. Opberging en voorsiening moet coreenkomsdig die klassifikasiestelsel hanteer word. BC uitrusting moet as beheerde uitrusting hanteer word.
3. Skaal van Uitreiking. Voorsiening vir aparte skale van uitreiking moet vir opleiding en operasies gemaak word. Onderskeid moet getref word tussen toerusting en uitrusting wat slegs vir opleiding gebruik kan word en dit wat vir sowel opleiding as operasies gebruik kan word. Uitrusting wat agv opleiding gedegradeer is, mag nie vir operasies aangewend word nie.
4. Nie-Persisterende en Persisterende Agense. In terme van die huidige bedreiging teen die RSA is dit meer waarskynlik dat nie persisterende (NP) agense teen die SAW gebruik sal word as persisterende (P) agense. In die geval van 'n NP bedreiging vind geen afwyking van die bestaande logistieke stelsel plaas nie, behalwe tov die voorsiening van water, voedsel en die beskerming van sekere logistieke voorraad wat spesiale beskerming vereis. In die geval van 'n P kontaminasie/bedreiging sal normale logistieke prosedures gevolg word met spesiale maatreëls vir:
 - a. Logistieke voorsiening onder direkte chemiese aanvalle op log installasies in die gevegstrook.
 - b. Die deurkruising van besmette gebiede.
 - c. Die hantering van gekontameneerde materiaal in die gevegstrook.
 - d. Die hantering van gekontameneerde materiaal tydens hantering oor die hele logistiese kanaal.
5. Logistiese Voorsiening Onder Direkte BC Aanval. Die gevegshantering van logistiese eenhede moet voorsiening maak vir 'n BC bedreiging. Voorsiening moet gemaak word vir die uitvoering van die opdrag al sou sekere logistieke elemente deur 'n BC aanval uitgeskakel word. In die gevegstrook moet die beginsels van verspreiding, beskerming en mobiliteit van logistieke voorraad gevolg word ten einde die spoedige voorsiening van nie gekontameneerde voorraad moontlik te maak.
6. Deurkruising van Gekontameneerde Gebiede. Logistiese voorsiening deur besmette gebiede moet vermy word.

VERTROUOLIK

5

VERTROULIK

7-2

7. Hantering van Gekontamineerde Materiaal. Spesiale maatreëls vir die herwinning en herstel van gekontamineerde voertuig en toerustingverliese moet deur tegniese dienste getref word. Voorskrifte moet neergelê word vir die beskikking oor gekontamineerde uitrusting. Spesiale prosedures moet vir die afvoer van gekontamineerde uitrusting getref word.

8. Voorsieningsprioriteite van BC Uitrusting. Onder bepaalde omstandighede kan die voorsiening van BC uitrusting dieselfde of hoër prioriteit as ammunisie geniet.

9. Benutting/Beskikking oor Verouderde BC Uitrusting. Daar moet besin word oor die voortgesette aanwending/beskikking van bestaande BC uitrusting. Hierdie prosedures moet herhaal word wanneer uitrusting opgradeer word.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

[Signature]
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

VERTROULIK

UITERS GEHEIM

④

BYVOEGSEL 8 TOT HS OPS/UG/306/3
 BIOLOGIESE EN CHEMIESE OORLOG=
 VOERING: SAW BELEID

Kopieno...9....

VERANTWOORDELIKHEDE: WEERMAGSDELE EN ONDERSTEUNINGSDIENSTE

1. Verantwoordelikheid van Weermagsdele. Hoofde van weermagsdele/BG Spesiale Magte is verantwoordelik vir die ontwikkeling van 'n BCO vermoë en die bedryf van die BCO vermoë in die weermagsdeel in ooreenstemming met H SAW beleid. Velde van verantwoordelikheid moet minstens die volgende insluit:

- a. Navorsing en Ontwikkeling. Verantwoordelik vir toegepaste N&O in die weermagsdele.
- b. Ontwikkeling van 'n BCO vermoë.
- c. Ontwikkeling van uitrusting eie aan weermagsdeel.
- d. Opleiding/doktrine en taktiek.
- e. Beveiliging.
- f. Verkryging en hantering.
- g. Opberging en beskikking.
- h. Komops.
- i. Bedryf van taktiese inligting.

DEFENCE INTELLIGENCE
 DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
 82425760PE WO1

2. Geneesheer-Generaal Verantwoordelikheid. Geneesheer-generaal is soos hoofde van ander weermagsdele verantwoordelik vir die ontwikkeling van BCO vermoë eie aan die weermagsdeel. Bykomstig hiertoe is Geneesheer-generaal agv die spesialis aspekte van BCO ook vir die volgende verantwoordelik:

- a. Navorsing en Ontwikkeling. Verantwoordelik vir die oorhoofse koördinerings van alle N en O in die SAW op die mediese-tegnologiese veld.
- b. Opleiding
 - i. Voorsiening van 'n opleidingsinrigting en verantwoordelik vir die opleiding van instruksies en adviseurs.
 - ii. Sielkundige opleiding en voorbereiding van SAW lede op aanwending en moontlike betrokkenheid by BCO.
- c. Bedien weermagsdele en BG Spesiale Magte sowel as stafafdelings met spesialis mediese advies tov BCO onder taktiese omstandighede sowel as advies tov die verkryging en aanwending van eie BCO uitrusting en middele.
- d. Teenbesoedelingsmaatreëls. Advies aan KMG oor die verpakking van voedsel.

3

UITERS GEHEIM

8-2

- e. Koördinerings. In sy rol as hoofkoördineerder op hoofde van weermagsdeelvlak, het Geneesheer-generaal die addisionele verantwoordelikheid om botsende belange, doktrines en prosedures met H Leër, HLM, H Vloot en BG Spesiale Magte op te los. Indien konsensus in enige van hierdie aangeleenthede nie bereik kan word nie, moet GG die probleem, tesame met aanbevelings, aan H SAW via HS Ops voorlê.

3. KMG Verantwoordelikheid. Uit die aard van die samestelling van KMG moet hierdie organisasie op verskeie terreine betrokke wees. Hierdie betrokkenheid sal die onderstaande aspekte tot 'n meerdere of mindere mate insluit:

- a. Navorsing en ontwikkeling.
- b. Bepaling van spesifikasies.
- c. Aanskaffing/oprigting.
- d. Kwaliteitsversekering.
- e. Opberging.
- f. Instandhouding.
- g. Uitreiking.
- h. Verrekening.
- i. Beskikking oor verouderde/ondiensbare items.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

4. Die terreine waarin KMG betrokke sal wees, word hieronder aangedui tesame met van die bogenoemde aspekte wat van toepassing is.

- a. Beskermingsklerasie. Al die bogenoemde aspekte a - i is hier van toepassing.
- b. Konstruksiewerk tov:
 - i. Bergplek. Aspekte b, c, f en i is van toepassing.
 - ii. Skuilings (hetsy tydelik of permanent) moet by alle eenhede sowel as op die grens verskaf word en die aspekte b, c, d, f en i is hier van toepassing.
 - iii. Inruim van kantoorspasie met nodige teenmaatreëls teen C of B wapens.
- c. Ammunisie. Alle aspekte van a - i is van toepassing. KMG betrokke by verskaffing van projektiel waarmee die C W afgelewer moet word. Die agens moet afsonderlik ontwikkel word en dan aan KMG gelewer word.
- d. Teenbesoedelingsmaatreëls. Voedsel verpakking. Aspekte a - i is van toepassing.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

UITERS GEHEIM

BYVOEGSEL 9 TOT HS OPS/UG/306/3
BIOLOGIESE EN CHEMIESE OORLOGVOERING
SAW BELEID

Kopieno ..9.....

VERANTWOORDELIKHEDE: STAF AFDELINGS

1. Hoof van Staf Personeel. Verantwoordelikhede is die volgende:
 - a. Koördineer van opleidingsbehoefte soos deur hoofde van weermagsdele gestel en inisieër gemeenskaplike opleiding in hierdie verband.
 - b. Bepaal regsaspekte en implikasies soos van toepassing op BCO tydens direkte en indirekte SAW deelname.
 - c. Adviseer H SAW via HS Ops tov regsaspekte en implikasies tydens BCO en verleen die nodige steun aan weermagsdele en Hoof van Staf Inligting vir die voer van Stratkom- en Komops.
2. Hoof van Staf Inligting. Verantwoordelikhede is soos volg:
 - a. Bedryf van Strategiese Inligting. Vyandelike strategie, beleid, doel, magsontwerp- en ontwikkeling en plan tov BCO moet betyds bepaal word.
 - b. Morele en regsaspekte moet uitgebuit word met die oog op die voer van BC operasies wat defensief of offensief kan wees. Inligtingsoperasies moet die volgende insluit:
 - i. Die RSA publiek moet waar en wanneer nodig sielkundig voorberei word vir die moontlike aanwending van chemiese en/of biologiese wapens.
 - ii. Die vyand moet ontmoedig word om chemiese- en biologiese wapens teen die RSA aan te wend.
 - iii. Die internasionale gemeenskap moet ontmoedig word om hierdie tipe wapens aan die RSA se vyande te verskaf.
 - iv. Die internasionale mening moet gunstig beïnvloed word na aanwending deur die RSA.
 - v. Die eerste gebruik deur die vyand op internasionale vlak uit te buit tot voordeel van die RSA.
 - c. Bedryf van Tegniese Inligting. Tegniese inligting tov die vyand se wapentuig moet bedryf word om in staat te wees tot tydige en effektiewe teenmaatreëls.
 - d. Bedryf van Taktiese Inligting. Taktiese inligting/vyandelike doktrine en taktiek, moet deur die onderskeie weermagsdele bedryf word. Ondersteuning moet egter waar moontlik verleen word.

UITERS GEHEIM

UITERS GEHEIM

9-2

3. Hoof van Staf Operasies. Oorhoofs verantwoordelik vir die volgende:
- Bewerkstellig skakeling tussen weermagsdele en weermagsdele- en H SAW waar dit die operasionele aanwending van chemiese- en biologiese wapens raak.
 - Gee die nodige leiding tov gesamentlike opleiding en operasionele aspekte waar en indien nodig.
 - Koördineer, moniteer en verseker doelmatige aanwending van chemiese wapens sowel as die bedryf van BCO in die SAW namens H SAW.
 - Koördineer en moniteer die uitvoering van die SAW se beleid tov chemiese- en biologiese oorlogvoering namens H SAW.
 - Dien as H SAW se hoofraadgewer tov BCO.
 - Opdatering van doktrine.
4. Hoof van Staf Logistiek. Verantwoordelik vir die volgende:
- Koördinering en bevordering van logistieke beleid tov BCO in die SAW.
 - Koördineer basiese N & O in die SAW.
 - Moniteer logistieke vordering en vermoë van die SAW en adviseer H SAW via HS Ops in hierdie verband.
5. Hoof van Staf Finansies. Verantwoordelik om uitvoerders van die beleid tov finansiële aspekte met advies te bedien.
6. Hoof van Staf Beplanning. Verantwoordelik vir die volgende:
- Oorhoofs verantwoordelik vir die koördinering van die bedryf van die projek om BCO in die SAW te vestig.
 - Die daarstel van strategie en/of riglyne vir BCO en dien as H SAW se raadgewer via HS Ops in hierdie verband.
 - Doelmatige beplanning en ontwikkeling van n. chemiese- en biologiese vermoë in die SAW volgens prioriteite soos in beleid neergelê.
 - Oorhoofs verantwoordelik vir die koördinering van toegepaste N & O deur die weermagsdele om duplisering te verhoed.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED

2006-07-10

DM
D.M. CHAMBERS
82425760PE WO1

UITERS GEHEIM